



God is ook in droogtetye met ons

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Verlede jaar in Februarie het ek die geleentheid gekry om hier in die Noord-Kaap se Kuruman-kombinasie te kom werk. Ek onthou hoe ek aanvanklik by myself gedink het: *Hoe kan die Here in dié droë plek wees?*

In daardie stadium was die Noord-Kaap in die wurggreep van een van die langste droogtes in jare. Een van die boere by wie ons gaan huisbesoek doen het, het omtrent net rooigrond en droë bome op sy plaas oorgehad. Die helfte van sy vee het al as gevolg van die droogte omgekom. En die voer wat hy gekry het, wou die diere nie eet nie. Dit was te droog. Al nattigheid in die omgewing was die trane van moedeloosheid in sy oë. Selfs die sterkste mense het al lang trane hier gehuil. Dié mense ken droogte en swaarkry.

Tog het ek ook gou te hore gekom dat die omgewing bekendstaan as die *Groen Kalahari*. En as ek vra waar die uitdrukking vandaan kom, sou lidmate antwoord: *Hierdie is 'n dankbare wêreld, as daar net 'n bietjie reën val, word dit sommer vinnig groen.*

Wonder bo wonder begin dit in Desember reën. En reën. Die vlei begin weer loop in Postmasburg, die Augrabieswatervalle kry al hoe meer besoekers. Die Kalahari word weer groen. Boonop sê al die ou inwoners dat hierdie reën nog “pasella” reën is; ons reënseisoen is eintlik eers van Februarie af. Desember en Januarie was genadereën. Die veld is groen. Die gras staan welig. Die diere het oorgenoeg om te eet. Dit is wonderlik om te aanskou! Vir my was die mooiste die geel blommetjies langs die pad wat 'n week na die reën blom. Dit het die gewoonlik eentonige pad tussen Upington en Olifantshoek mooi opgekikker.

Maar so het oorvloed ook gevolge. Die baie reën het ook vloed meegebring. Paaie is verspoel, party se wonings is daarmee heen, en heelwat voertuie het ook in die slag gebly. Daarmee saam het druiweboere sleg deurgeloopt onder die baie reën, wat die druiwe laat swel en vrot het. Een bid vir reën, terwyl die ander bid dat dit ophou. Dit is maar menslik en die beloop van die lewe. Tog bly ons dankbaar vir God wat aanhou sorg en voorsien.

Die droogtetoestand het egter ook op 'n ander vlak uitgespeel in ons omgewing. Met die Covid-pandemie het die Kerk ook 'n “droogte”-tyd beleef. Die geestelike reënseisoen begin nou maar eers weer aan die gang kom. So was daar tye toe ek gehoor het van dié en daardie gesin wat nie die Sondag kerk toe kom nie, tye toe ek gedink het ons gaan weer net vyf in die erediens wees, maar dan daag daar weer ander gesigte op. Soms word ons dalk net te vroeg moedeloos.

Een ding wat ek in die Noord-Kaap besef het, is dat die Here ook hier teenwoordig is in hierdie droë plek. Ook hier maak die Here sy hand oop. Daar is verskeie verwysings in die Bybel waar die Here juis sy kinders in die woestyn en wildernis ontmoet het. So kan ons vir seker weet dat die Here ook mense dra in daardie dele van die Noord-Kaap waar daar steeds droogte is. En kan ons dankbaar wees vir die dele waar daar wel reën en uitkoms gekom het. Nie net fisies nie, maar ook geestelik.

Ek wonder soms hoe mense hier oorleef as hulle nie die Here het om aan vas te hou nie. As 'n mens aan die Here vashou, dan kan jy enige droogte trotseer.

Lief en leed

- **Mev Hettie de Munnik** van Gemeente Rietvallei is Sondag 14 Maart oorlede. Sy was die weduwe van mnr Leon de Munnik wat administrateur van die NHKA was van 1986 tot 1997. Hy is op 8 Junie 2019 oorlede. Mev De Munnik se gedenkdiens het op Woensdag 24 Maart vanuit Gemeente Rietvallei plaasgevind. Ons innige simpatie gaan aan haar naasbestaandes.

- **Die volgende predikante verjaar tot 2 April 2021, en word hartlik geluk gewens:**



Prof Ernest van Eck

- Donderdag 25 Maart: Ds BJ (Barnie) van der Walt (63) (Namib-Suid)
- Vrydag 26 Maart: Ds DJP (Dirk) Stoltz (76) (emeritus)
- Saterdag 27 Maart: Ds JBMH (Barry) van Schalkwyk (58) (Drie Riviere-Oos)
- Sondag 28 Maart: Di MD (Mariët) Robbertze (57) (Philadelphia), JJ (Jaco) van Sittert (42) (Randburg) en LJ (Lorret) de Leeuw (41) (Breyten)
- Maandag 29 Maart: Dr FJ (Frans) Boshoff (75) (emeritus/Chrissiesmeer)
- Donderdag 1 April: Ds A (Annalize) Rossouw-Lombard (34) (Dora Theo Gemeente Kimberley)
- Vrydag 2 April: Prof AB (Ananda) Geysler-Fouché (49) (UP/Philadelphia) en ds L (Leanie) Lemmer (33) (buiteland)



Ds Rue Hopley

Gemeentes en bediening

- **Ds RJ (Rudi) Rust** van Vanderbijlpark-Oos (deelyds) het 'n beroep ontvang na Vanderbijlpark-Oos (deelyds).
- **Prof E (Ernest) van Eck (UP)** het 'n beroep ontvang na Witfield (deelyds). Hy het die beroep aanvaar.
- **Ds R (Rue) Hopley** van Pretoria-Oos (deelyds) het 'n beroep ontvang na Pretoria-Oos (deelyds).
- **Ds PJE (Piet) Botha** (emeritus) mag sy bediening in Gemeente Klerksdorp voortsit indien die Ringskommissie van die ring van Klerksdorp jaarliks toestemming verleen.
- **Ds P (Pieter) de K Furstenberg** sal voortaan in deelydse hoedanigheid werksaam wees in Gemeente Richardsbaai.
- Die Kommissie van die AKV het besluit om 'n dringende **bosberaad oor teologiese opleiding** te reël vir 11 tot 13 April 2021 by die Venterskroon-kampterrein. Die Kommissie, die Kuratorium, dosente en die HTK sal aan die gesprek deelneem.
- Die ampsvoorreg van al die **beroepafwagende predikante** is verleng tot einde 2021.
- **Ds NJ (Nic) Maré** se aansoek om emeritaat op 28 Februarie 2021 is goedgekeur. Hy is sedert 2002 met siekte-emeritaat.
- **Dr PJ (Piet) van Zyl** van Ermelo se aansoek om vervroegde emeritaat op 31 Augustus 2021 is goedgekeur.
- **Ds M (Maritza) Oosthuizen** se aansoek om losmaking van gemeentes Belfast en Waterval-Boven op 21 Maart 2021 is goedgekeur.
- **Mev MJ (Marna) van der Westhuizen** se aansoek om hertoelating is goedgekeur en sy is weer beroepbaar in die Kerk.
- **Dr CJ (Chris) Viljoen** het van lewenstaat verander, en is met onmiddellike effek uit die amp onthef.



Ds Piet Botha



Dr Piet van Zyl



Ds Maritza Oosthuizen



Ds Nastasia Vosloo-Steyn

- **Ds EN (Nastasia) Vosloo-Steyn** is beroep na die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA of URCSA) se gemeente in Victoria-Wes. As predikant van 'n verwante reformatoriese kerk kan sy steeds in die toekoms na 'n gemeente van die Hervormde Kerk beroep word.
- Die Kommissie van die AKV bevestig die besluite van die AKV en die Kommissie wat voorsiening maak vir die **elektroniese intekening op Die Hervormer**. Die intekening befonds al die aktiwiteite van die Afdeling Kerklike Kommunikasie wat van groot belang is vir die NHKA.
- Die Kommissie van die AKV het ingestem om by die **Association of Christian Religious Practitioners (ACRP)** te affilieer teen R10 000 per jaar. Die nodige fondse vir die affiliasie sal uit die fonds vir ekumene kom.
- Die Kommissie van die AKV bedank die **Motsepe Foundation** vir 'n ruim skenking en besluit om die donasie te verdeel tussen Rata, die fonds vir gemeenteondersteuning, en die fonds vir ekumene.
- Die Kommissie van die AKV het besluit om op 6 en 7 April 2021 by Gemeente Philadelphia 'n **buitengewone Kommissievergadering** saam met die Raad van Finansies te hou sodat strategiese beplanning vir die NHKA se finansies gedoen kan word.
- **Di HJ (Kobus) Celliers** van Brits en **LH (Lydia) Miller** van Villiers is as sekonduslede vir die werkgewer op die Bestuursraad van die NHKA Pensioenfonds benoem.
- Die Kommissie van die AKV het by sy vergadering gehou op 11 en 12 Maart 2021 die **spesiale deurkollekte** soos uiteengesit in Omsendskrywe 4 van 2021 goedgekeur:
 - 14 Februarie: NHSV Beurs- en Leningsfonds
 - 7 Maart: DPS-huise (Stop geweld teen kinders)
 - 23 Mei: Apostolaat (Pinkstersondag)
 - 6 Junie: Rata: Hoop vir 'n kind
 - 22 Augustus: Bybelgenootskap van SA
 - 5 September: TOIBO (Loslittedag)
 - 24 Oktober: Teologiese Opleidingsfonds
 - 31 Oktober: Teologiese Opleidingsfonds
 - 21 November: Bejaardesorg (met internasionale fokus op bejaardes)
 - 25 Desember: *Beeld*-Kinderfonds (DPS-huise)

Al hierdie deurkollekte sal voortaan jaarliks op die ooreenstemmende Sondag ten bate van die verskillende instansies ingesamel word.

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** benodig die dienste van 'n dinamiese **orrelis**. Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. Aansoek, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, NHKA Gemeente Welgelegen-Pietersburg, by george.marais@fineandcountry.com. Oudl George Marais kan gekontak word by 083 300 0554.
- **Vakante werkruimte vir die samewerkende kerke in Harare**. Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoek word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n

gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevoertuig.

Aansoek moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan njssteenekamp@gmail.com. Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

Beplande vergaderings

- Dinsdag 30 Maart: Kuratorium

Kerklike publikasies

- In die **Maart 2021-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** lê ds **Hannelie Botha** se redaksionele artikel klem op Internasionale Vrouedag met spesifieke verwysing na geslagspesifieke geloofsvervolging. **Mev Elize Jones** se artikel *Party van ons hoor met ons oë* gee ons insig in die wêreld van Dowes in 'n tyd van maskers dra. **Mev Anna Labuschagne** vertel ons meer van haar projek vir gesiggestremde kinders met haar artikel *Iemand het 'n lappop...* Kom kyk gerus na ds **Janine Bevol-Manders** se virtuele praatjie *Geluk is my default*. Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.



'n Bybelse tydlyn

Brei jou Bybelkennis uit
Ideaal vir kategeese

3 x A2-glansplakkate
Soos in *Die Hervormer* van
April, Mei en Junie 2020

Kry die kunswerke op die NHKA
se webblad en laat druk plaaslik

Klik **hier** vir 42 MB-weergawe (hoëkwaliteitsdruk)
Klik **hier** vir 6,2 MB-weergawe (algemene gebruik)

Bybelse Dagboek / Almanak 2021

R190 (versending uitgesluit)

Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag

Bestel by sentik@nhk.co.za

Fondsinsamelings

- Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- to 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911

'n Gedig

Droogte

jare van droogte, van dissels wat gedy:
geen vinke in die weiland of paddas in die vlei

die diere moes gevoer word: kuilvoer, hawer en hooi
'n bietjie water of molasse vir die ram en lammerooi

die wag was lank – sou woorde weer soos wolke teen die blou
lugkastele, piramides, katedrale, selfs 'n Babeltoring bou?

toe bars die donder en die weerlig los
oor my gedroogde en verskroeiende plaas:
oornag staan kosmos langs die pad en in die lande
wit, pienk en pers, populiere jubel silwer in die bos
die rivier vind weer 'n bedding deur die slyk en mos
en met sy soom langs bot die treurwilgers oplaas

ongelowig wat ek is, kniel ek en vou my hande
want dié is 'n gedig, 'n sonnet nogal, sien ek verbaas

WL van der Merwe

(Uit: *Nuwe stemme* 3, 2005,
saamgestel deur Antjie Krog en Alfred Schaffer)

Barmhartigheid

- **VAKATURE: Sekretaris** by Rata Maatskaplike Dienste. Rata, wat al vir meer as 70 jaar maatskaplike dienste in vier provinsies lewer, benodig tans die dienste van 'n administratiewe persoon by hul Capital Park-kantoor. Die vereistes vir die pos is graad 12, 'n geldige bestuurslisensie en betroubare vervoer na die kantoor, tweetaligheid om aan die spesifieke behoeftes van die kantoor te voldoen, rekenaarvaardigheid en ervaring van boekhou en kleinkasbestuur, en die vermoë om streng vertroulikheid te handhaaf. Stuur aansoeke na info@rata.org.za.
- **Eenpersoonwoonstelle** beskikbaar by **Annie Schilz** teen R3 840 per maand (krag uitgesluit). Hierdie woonstelkompleks is geleë in 'n rustige omgewing naby hospitale en dokters. Dit is op dieselfde perseel as Ons Tuis Riviera. Verskeie dienste word gelewer teen billike tariewe. Vir meer inligting, kontak mnr Hennie van der Walt by 012 329 3707.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het twee **tweeslaapkamer-woonregeenhede** beskikbaar by Frans Boshoff: Woonstel 3 teen R485 000 en Woonstel 16 teen R439 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoning te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544
Seniordalpta@gmail.com



Allegaatjie

“Derduisende jare gelede in die mens se evolusie het taal ontwikkel, en daarna die vermoë om te skryf, en meer as 500 jaar gelede die drukpers. Met die koms van die internet en sosiale media het elkeen op aarde ’n uitgewer en skepper van inligting geword. Jy kan kommunikeer en enigiets publiseer, of dit nou waar of vals is. Feite word nie meer net versprei deur iemand met ’n mate van outoriteit, kennis en insig nie. Nee, elkeen het ’n opinie en hulle meen dié opinie is ’n feit. Ag, ons kan ure lank debatteer oor opinies; elkeen kan een hê, maar feite bly onbewese brokkies ware inligting.” (Elsabé Brits, LitNet-nuusbrief 841, 18 Maart 2021)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Liewe Here,
dinge het vandag nie verloop soos ek beplan het nie,
en ek voel gefrustreerd.
Ek voel so oorweldig deur al die dinge wat ek moet doen,
onvoorbereid vir die vele uitdagings wat vir my voorlê.

Maak my hart asseblief stil,
kalmeer my gees en herinner my
hoe U my in die verlede gelei het.
Gee my die regte perspektief
en laat ek my probleme sien vir wat dit is.
Het U hierdie besonderhede misgekyk?
Is U so besig om iemand anders te help
dat U van my vergeet het?
Natuurlik nie.

U is die soewereine God
wat die hemel en die aarde gemaak het.
U het u lewensasem in u kinders ingeblaas.
U het u spesiale mense gekies
en hulle in u weë onderrig.
En U het u enigste Seun gestuur
om ons Redder en Verlosser te wees.

Ek gee my probleme en bekommernisse oor aan U, Vader.
U is sterk genoeg om te red,
en ek kan U vertrou
om dit wat goed is en U verheerlik,
te doen.
Dankie vir u getrouheid aan my en aan alle geslagte.
Amen.

Ellen Banks Elwell
(Uit: *Gebede vir elke geleentheid*,
vertaal deur Gerda-Mari Zietsman,
CUM 2019)

